

HOOFSTUK 4

DIE PEDAGOGIESE TAAK VAN DIE OUER: LIGGAAMLIKE, SEKSUELE, VERSTANDELIKE, SOSIALE EN ESTETIESE OPVOEDING

Die ouer is geroepe om die kind in sy totaliteit op te voed en te onderwys. Die uitvoering van sy pedagogiese taak deur die ouer is die vervulling van hierdie roeping.

Die pedagogiese taak van die ouer behels die opvoeding en onderwys van die kind in die gesinsverband. Hierdie taak sluit in alle mededeling, beïnvloeding, maatreëls en handeling van die ouer met betrekking tot die kind, sowel as die omstandighede en huislike sfeer deur die ouer geskep en die fasiliteite deur hom beskikbaar gestel, wat in die opvoeding van die kind 'n rol speel of kan speel. Dit behels dus alle aspekte van die opvoeding en onderwys van die kind wat deur die ouer op stelselmatige en planmatige wyse onderneem word, maar ook dit waardeur die kind op onbewustelike en onopsetlike wyse deur die ouer beïnvloed word.

1. Liggaamlike opvoeding

1.1 Die doel en betekenis van liggaamlike opvoeding

Die lewe en dus ook die liggaam is 'n gawe van God en die liggaamlike dinge moet daarom ook onder

die tug van God se Wet geplaas word. Liggaamlike opvoeding behels dan in die eerste plek die versorging, voeding, kleding ens., nie ter wille van die mens nie, „ . . . maar omdat die liggaam van die gelowige bo alles 'n tempel van God is.”⁽¹⁾ Die mens moet daarom oppassend op sy liggaam wees.

Die doel van die liggaamlike opvoeding is om mee te werk aan die vorming van die totale mens soos wat hy na God se orde behoort te wees. Die ontwikkeling van liggaam en gees beïnvloed die handeling van die mens. Liggaamlike opvoeding is dus terselfdertyd opvoeding van die hele kind, want elke daad van die mens, of hy liefde betoon, arbeid verrig, ontspan, aanbid, ens. is 'n liggaamlike daad. „Lichamelijke opvoeding is opvoeding, het is opvoeding van het gehele kind, met het lichamelijke als aangrijpingspunt.”⁽²⁾ Die liggaam moet dus gesien word as deel van die groter eenheid, lewe, en nie slegs as 'n uiterlike instrument van die gees wat afgerig en geoefen moet word nie.

1. Van Loggerenberg, op. cit., p.79

2. Ruurs-Broekhuisen. De lichamelijke opvoeding van de kleuter, p.15

Die noodsaaklikheid vir liggaamlike opvoeding spreek in die eerste plek duidelik uit die hulpeloosheid van die kind by geboorte en ook uit sy sorgbehoewenheid vir baie jare daarna. Die belangrikste taak van die liggaamlike opvoeding is dan ook om die liggaam tot volwaardige draer van menslike funksies te maak. Dit is die ouers se roeping en taak om te sorg vir die liggaamlike welsyn van die kind, dat hy goed versorg, gevoed en geklee is, m.a.w. die versorging, vorming en ontwikkeling van die kind se liggaam. Nog belangriker egter is die aankweek van gesindhede by die kind t.o.v. sy gesondheid, respek vir sy eie liggaam en die liggaam van ander, higiëniese gewoontevorming, liggaamshouding, versiersels en kleredrag en die beoefening van matigheid.

Die gesonde liggaamlike groei en ontwikkeling van die kind is nie net noodsaaklik vir sy fisiese ontwikkeling nie, maar vir sy hele persoonlikheid. Die leiding van die ouers moet eerbied kweek vir die bewonderenswaardige samestelling van die menslike liggaam en ook insig gee in die groot betekenis wat liggaamlike omstandighede vir die geestelike lewe het. Dit moet ook waardering opbou vir fisiese en geestelike fiksheid as voorvereiste om aan die normale lewenseise te voldoen. Daarbenewens moet ook 'n sin van verantwoordelikheid vir die eie gesondheid en vir die welsyn van die

gemeenskap aangekweek word.⁽³⁾

Vir die opvoeding is dit van groot betekenis om voortdurend daaraan te dink dat die liggaamlike opvoeding volledige sin het in heel die vorming van die persoonlikheid, terwyl daar 'n permanente verband is tussen die uitdrukkingsmoontlikhede, waaroor die liggaam beskik, en die belewing van dinge in 'n psigiese sin.⁽⁴⁾ Liggaamlike welsyn is vir die geestelike ontwikkeling van groot betekenis. Dit is onmoontlik om 'n geestelike opvoeding te sien met verwaarlosing van die liggaamlike en andersom is dit onmoontlik om 'n gesonde liggaam te kweek as die geestelike opvoeding verwaarloos word. „Het lichamelijke is voorwaarde voor en uitdrukking van het geestelijke. Het lichaam is een tempel Gods, en een tempel, die aan zijn bestemming wordt onttrokken, vervalt ook als gebouw.”⁽⁵⁾

1.2 Die ouer se taak t.o.v. liggaamlike opvoeding

1.2.1 Liggaamlike funksies en liggaamlike welsyn

In die opvoeding moet die kind gestimuleer word tot persoonlike vormgewing van sy liggaamlike funksies

-
3. Bower, W.C. Moral and spiritual values in education, p.142
 4. Waterink. Theorie der opvoeding, p.552
 5. Kohnstamm, op. cit., p.180

soos die vegetatiewe en animale funksies, waarby spysvertering, asemhaling, bloedsomloop ens. ingesluit is. Aansluitend hierby ook die sorg vir gesondheid, die voeding, higiëne, oefening van die sin-tuie, beheersing van die spiere en die parate beweeg-likheid van die liggaam.⁽⁶⁾ Die vegetatiewe en ani-male funksies verwys, binne die eenheid wat die mens is, na die waarde van die liggaam as uitdrukkingsmid-del en na die waarde vir die verrigting van prestasies, bv. hardloop en arbeid. Met die hulp van die opvoe-der moet die kind leer om steeds meer bewustelik sy aandag aan hierdie funksies te gee.

Die ouers bevorder die liggaamlike opvoeding deur alle sorg vir die liggaamlike welsyn en groei van die kind. Die kind het net soveel behoefte aan beweging as aan voedsel en slaap. Beweging is 'n groeiprikkel d.w.s. 'n onmisbare voorwaarde vir die so gunstig moontlike groei en ontwikkeling van die kind.⁽⁷⁾ Die kind het 'n sterk bewegingsdrang wat lei tot alsydige bewegings, tot spierarbeid en hierdie drang moet, net soos honger en dors, op 'n gesonde en natuurlike wyse bevredig word. Die vorm waarin die kind dit doen, is altyd die spel.

6. Oosterbaan, op. cit., p.107

7. Van Andel, J.C. & Van Andel-Ripke, O. Gezonde kinderen, evenwichtige mensen, p.118, 178-179, 214

1.2.2 Beweging, spel en houding

In die bewegingspel is die kind nie alleen liggaamlik aktief nie, maar in elke spel is hy ook geestelik besig; hy neem waar, hy ontdek, hy maak voorstellinge, hy ervaar en versamel gedurig ervarings en leer om homself in sy omgewing te oriënteer.⁽⁸⁾ Behalwe as oefening en ontspanning het die spel ook sosiale waarde. In die spel ontmoet die kind ander kinders. Namate die kind ouer word verkies hy om saam met andere te speel en dit bevorder 'n vrye, ongedwonge omgang met andere. 'n Bydrae tot die ontwikkeling van gemeenskapsin is ook 'n doelstelling by liggaamlike opvoeding. Die kinders moet leer saam speel om saam te kan werk. Boonop leer die kind ook mettertyd om die reëls van die spel na te kom en so kry die spel ook sedelike waarde.

Spel het dus 'n groot invloed in die vorming van die kind. Beweging en spel verskaf innerlike genot en dien terselfdertyd om die kind liggaamlik en geestelik te ontwikkel.⁽⁹⁾ Dit leer die kind ook selfbeheersing, selfvertroue, verbeeldingskrag en selfstandigheid. Nabootsing speel 'n belangrike rol in die spel van die kind en daardeur ontwikkel ook sy

8. Ruurs-Broekhuijsen, op. cit., p.13

9. Geldenhuys, op. cit., p.90-91

skeppende fantasie. Die kind moet dus voldoende geleentheid kry vir spontane beweging en spel en dan veral vrye spel.

Sport as spelvorm in die vrye tyd, het baie waardevolle aspekte vir die opgroeiende jeug. Behalwe vir 'n belangrike invloed op die liggaamlike ontwikkeling, leer die kind d.m.v. sport selfbeheersing en liggaamsbeheersing, die onderwerping aan die spelreëls, 'n gesindheid van opoffering, aanpassingsvermoë en omgaan met andere in 'n verband wat samewerking noodsaaklik maak. Sport is bv. uiters waardevol vir die jeug van die puberteitsjare, omdat hulle in sport alles vind wat ooreenkom met hulle psigiese spelontwikkeling - 'n egte span, egte spel en egte spelreëls - maar ook omdat dit voldoen aan hulle soeke na prestasie en wel sigbare prestasie.⁽¹⁰⁾ Die kind behoort aan 'n verskeidenheid sportsoorte deel te neem, om dan met verloop van tyd 'n spelvorm te kies wat by sy aard en aanleg pas. Die natuurlike spel van die kind en sport in sy verskillende vertakkinge, d.w.s. vrye, spontane beweging in die ope lug, moet as 'n onmisbare deel van die liggaamlike opvoeding beskou word.

10. Hart de Ruyter. Jeugd en samenleving, Dl. 1, p. 115-116

Die bewegingslewe van die kind dui dus die weg aan waarlangs sy liggaamlike ontwikkeling, sy waarnemings- voorstellings- en denkwêreld tot volledige ontwikkeling kom en daarbenewens is vrye spel en sport ook belangrik as vorms van emosionele ontlasting en vorming.

Die opvoeding moet verder ook as oogmerk hê die ontwikkeling van die natuurlike persoonlike houding en bewegingsvorm. Ook hierby moet die kind as totaliteit gesien word - die houding en beweging van die kind is die uitdrukking van sy innerlike, van sy wese en die beïnvloeding daarvan werk dan ook op die hele persoonlikheid in. Daarby is sowel houding as beweging in die omgang van groot belang.

Die goeie ontwikkeling van die bewegingsvorm is ook van groot belang vir die arbeidsfunksie van die mens. Dit geld vir alle kinders en nie net vir die wat later op die liggaamlike arbeid aangewys is nie. Gesondheid en liggaamskrag is noodsaaklik vir die uitoefening van elke beroep, maar ook vir die samelewing - die welsyn en welvaart van 'n volk staan in verband daarmee.⁽¹¹⁾ Verder is die besit van 'n gesonde, kragtige liggaam ook 'n bron van persoonlike geluk. Die kind moet ook deur huisvlyt, handearbeid

11. Bigot, op. cit., p.114

e.a. liefhebberye, die vreugde van inspanning leer ondervind in teenstelling met dié van ontspanning wat neerkom op niksdoen. Dit is dan ook van belang dat die kind sal leer om sy liggaamlike energie goed te verdeel en oordeelkundig aan te wend.

Liggaamlike opvoeding moet 'n belangrike bydrae lewer tot 'n vrye en onbelemmerde ontwikkeling van die uitdrukkingsvermoë, d.w.s. gelaatsuitdrukking, stem, gebaar, houding, wyse van loop, skryf, ens. Die sosiale en estetiese waarde kom duidelik na vore; dit is belangrik dat 'n mens in allerlei situasies gemaklik kan beweeg en nie die liggaam as 'n dooie gewig agterna sleep nie. Hierdie funksie is in 'n hoë mate vir opvoeding en persoonlike vormgewing vatbaar en dit is die taak van die opvoeding om dit in diens te stel van 'n hoër doel, bv. sosiale, estetiese, ens.⁽¹²⁾

1.2.3 Higiëniese gewoontevorming

Higiëniese gewoontevorming moet die grondslag lê vir wat ons die liggaamlike gewete kan noem, d.w.s. die verantwoordelikheid vir eie gesondheid, deur die aanleer van goeie gewoontes en gesindhede. Die kind moet gaandeweg leer dat sy gesondheid nie slegs homself raak nie, maar ook vir die samelewing van belang is en

12. Oosterbaan, op. cit., p.108

dat hy medeverantwoordelikheid vir sy gesondheid moet aanvaar. Die ouers streef daarna om omstandighede en toestande so in te rig dat dit 'n bydrae kan lewer tot die goeie gesondheid van die kind. „Good health is the unanimous objective of thoughtful parents and the everyday goal of their planning and their prayers.”⁽¹³⁾ Die ouers se pogings en strewe moet egter aangevul word deur die doelbewuste strewe om die kind te onderrig in begrippe van reinheid en higiëne, insluitende seksuele opvoeding, d.w.s. die beginsels van liggaamlike en geestelike gesondheid en die toepassing daarvan.

Higiëniese gewoontevorming is 'n deel van die liggaamlike opvoeding wat ook die gebied van die sedelike betree en hieraan kan alleen reg geskied as die kind van jongsaf gewoond is aan 'n higiëniese leefwyse. Die uitgangspunt moet steeds wees dat die kind op elke stadium, na sy vermoë en begrip, soveel verantwoordelikheid as wat hy kan dra, moet aanvaar. Dit geld vir die roetine en voorsorg wat met sy eie gesondheid in verband staan, maar ook t.o.v. die gesondheid van andere. Die reëls en redes moet aangebied word as „. . . good health practice and not as anxieties about illness or suffering.”⁽¹⁴⁾

13. Ellenwood, J.L. Questions parents ask, p.141

14. Gruenberg, op. cit., p.95

In die verband is dit dan ook belangrik dat die kind vroeg reeds moet leer om pyn te verdra en dat hy nie oorvertroetel moet word nie.

Die kleuterfase is die aangewese tyd vir gewoontevorming en gedurende hierdie fase moet gestreef word na 'n aktiewe en passiewe gewenning aan higiëniese reëls. Passief deur 'n omgewing wat in higiëniese opsig onberispelik is, en aktief deur die bybring van higiëniese gewoontes, bv. deur die neus asemhaal, die was van die hande, ens.⁽¹⁵⁾ Die kind moet ook in die verband kennis dra van sy eie liggaam en wat voordelig en wat skadelik vir die liggaam is. Daarom moet hy ook geleer word om matigheid te beoefen in alles wat betrekking het op die liggaam.

1.2.4 Voorligting

Die kind behoef ook voorligting en leiding t.o.v. kleredrag, haarstyl, skoonheidsmiddels, versiersels, velversorging, ens. Dit is veral die moeder se plig om beide seun en dogter op taktvolle wyse leiding te gee sodat hulle in al hierdie sake op verstandige wyse sal optree en goeie smaak sal ontwikkel.⁽¹⁶⁾ Oordeelkundigheid en smaakvolheid moet uit die staanspoor

15. Ruurs-Broekhuijsen, op. cit., p.15

16. Elias, E. Your child at school, p.134-135

deel van die kind se toerusting gemaak word, terwyl ware inwendige skoonheid, die deug van beskeidenheid en natuurlike skoonheid beklemtoon moet word.

Liggaamlike opvoeding moet ook aspekte van noodhulp, veiligheidsmaatreëls t.o.v. die gebruik van medisyne, die gevare in die huis en padveiligheid, insluit.⁽¹⁷⁾ In al hierdie sake sal die ouer se goeie voorbeeld sterker as woorde spreek.

1.2.5 Indiwiduele verskille

'n Basiese, algemene beginsel waarmee ouers rekening moet hou, is die feit van indiwiduele verskille. Kinders verskil uit die staanspoor t.o.v. tempo, groei van verskillende liggaamsdele, organe, ens. Kinders kan dus nie sondermeer met mekaar vergelyk word wat hierdie sake betref nie. Verder moet ook in gedagte gehou word dat kinders onegalig groei en nie teen 'n eweredige of vaste tempo nie. Op sekere stadiums sal hulle bv. vinnig groei en op ander weer stadig. Daarbenewens ontwikkel verskillende dele van die liggaam en verskillende fisiese vermoëns op verskillende tye en teen verskillende tempo's.⁽¹⁸⁾

17. Post, op. cit., p.30

18. Gruenberg, op. cit., p.94-95

2. Seksuele opvoeding

2.1 Die doel en betekenis van seksuele opvoeding

Seksuele opvoeding is deel van die totale opvoeding van die kind, waarin die lewensbeskouing tot uiting kom en die nodige aandag geskenk word aan wils- en gewetensvorming en aan die vraagstuk van die sin van die menslike bestaan.⁽¹⁹⁾ Dit is dus nie 'n aparte saak nie, maar 'n integrerende deel van die opvoeding as geheel.

Benewens die breëre opvoedingsdoel, het seksuele opvoeding ten doel die verskaffing van noodsaaklike kennis van die anatomiese en fisiologiese feite, insluitende en na aanleiding van die vrae wat kinders op verskillende leeftye stel. Dit is egter nog belangriker dat die ontwikkeling van gesonde en verstandige houdinge en gesindhede t.o.v. seksuele sake en verwante probleme nagestreef sal word. Kennis en die aankweek van goeie gewoontes, gepaard met die regte gesindheid en houding is dan die belangrikste oogmerke wat met seksuele opvoeding nagestreef word.

Seksuele opvoeding is egter veel meer as die opdoen van kennis. Die kennis moet so oorgedra word dat dit deel van die kind se lewensbeskouing sal word en

19. Post, op. cit., p.139

moet hom in staat stel om norme te bekom wat op sedelike en godsdienstige beginsels berus. Die voorligting van die ouer moet dus gesteun word deur 'n sterk godsdiens- en lewensbeskouing. „Jong seuns en dogters moet ontdek dat hulle verhoudingslewe onder die dissipline van Jesus Christus en Sy Woord staan, en dat juis hulle godsdiens en hulle geloof die bron van hulle krag en selfbeheersing is.”(20)

Seksuele opvoeding moet dan ook op 'n bepaalde wyse, in 'n bepaalde sfeer, met 'n bepaalde doel gegee word, nl. om die kind geleidelik in die sfeer van liefde en verantwoordelikheid op te voed om as volwassene nie alleen behoorlik ingelig te wees nie, maar ook gereed en bereid sal wees om te aanvaar dat seksuele omgang in die eerste plek die in liefde en verantwoordelike eenwording van man en vrou in die huweliksband is. Seksuele opvoeding, so gesien, is dan ook die voorbereiding vir 'n suksesvolle huwelikslewe.(21)

2.2 Seksuele opvoeding is die ouers se taak

Seksuele opvoeding is by uitstek die taak van die ouers - dit is hulle plig en voorreg en hierdie deel van die opvoeding mag aan niemand anders opgedra of

20. N.G. Kerk, op. cit., p.72

21. Laycock, S.R. Our children in tomorrow's world, p.17

gedelegeer word nie. Hierdie kiesse en tere onderwerp moet behandel word deur diegene in wie die kind die meeste vertrouwe stel, met wie hy die meeste kontak het en wat eerste sal bemerk dat die kind behoefte aan voorligting het. Dit is duidelik dat alleen die ouers en veral die moeder, in 'n dergelike verhouding tot die kind staan. Die ouers staan buitendien voor die onontvugbare keuse om óf self die seksuele opvoeding van sy kind te onderneem, óf hom aan die gevaar bloot te stel dat hy sy inligting en sy „opvoeding“ uit twyfelagtige bronne sal bekom. „This much is absolutely certain: either you will give your child frank advice and complete information or others will warp their minds and disturb their thoughts.“⁽²²⁾ Dit spreek dus vanself dat die seksuele opvoeding van sy kind die plig en erns van elke ouer moet wees.

Dikwels voel ouers hulle nie opgewasse vir hierdie taak nie en versuim dan om hulle plig na te kom. Die geestelike chaos van ons tyd, die sedeloosheid en sedelike verwildering, die oorbeklemtoning van die liggaamlike en die gevolglike seksuele losbandigheid, eis van die ouer dat hy sy plig ook t.o.v. die seksuele opvoeding van sy kind sal nakom. Verder moet ouers ook nie terugval op 'n valse skaamte en ontwykende

22. Ellenwood, op. cit., p.64

antwoorde nie, aangesien dit juis die verkeerde opvatting by die kind sal laat posvat. Die ooeivaar en ander fiktiewe verhale moet ook vermy word en die waarheid liefs op eenvoudige wyse aan die kind meegedeel word. Ouers moet bowe-al waak teen 'n sfeer van geheimsinnigheid, van verbod „. . . het waas van puriteinse schijnheiligheid vermijden dat nog vaak rondt alles hangt wat met de seksualiteit te maken heeft." (23)

Dit moet dan ook sterk beklemtoon word dat die ouers se houding en gesindheid 'n uiters belangrike rol in die seksuele opvoeding van die kind speel, want daarop berus die gevoelstoon waarin hulle die inligting aan die kind sal oordra. Indien hulle self die onderwerp vrees, sal hulle gevoel onwillekeurig alles wat hulle sê kleur en sodoende 'n gevoel van onsekerheid en twyfel by die kind laat ontstaan. Wanneer die ouers egter self 'n voorbeeld van reinheid is, wanneer hulle op die regte tyd ernstig en rustig met hulle kinders oor hierdie delikate onderwerp praat, wanneer hulle deur woord en voorbeeld 'n gevoel van verantwoordelikheid teenoor hulself en andere opwek, sowel by seuns as by dogters, dan kan die seksuele

23. De Leeuw-Aalbers, A.J. Seksuele opvoeding in de verschillende lewensfasen van het kind, p.74

opvoeding van onberekenbare invloed wees op 'n gebied wat te dikwels aan die toeval oorgelaat word.⁽²⁴⁾

'n Gesonde geestelike klimaat in die gesin waar daar liefde tussen die ouers is, skep die beste voorwaarde vir die gesonde ontwikkeling van die kind. Daar leer en begryp die kind ten slotte dat kinders die gevolg en bevestiging is van die liefde tussen die ouers en dat die geslagsgemeenskap nie bloot dien tot bevrediging van die geslagsdrang nie, maar dat dit ook gestel word in die bewussyn van en die bereidheid tot die verwekking van 'n kind, wat aanvaar word as blywende bewys van die liefde en vir wie blywende verantwoordelikheid gedra moet word.⁽²⁵⁾ Hierdie liefde kan wel gebaseer word op 'n suiwer menslike verhouding, maar dan seker ook op godsdienstige motiewe en uiteindelik dus op die verhouding met God.

2.3 Seksuele opvoeding as pedagogiese taak

2.3.1 Seksuele ontwikkeling en liggaamlike versorging

Die wetmatighede in die seksuele ontwikkeling van die kind eerder as oordele en vooroordele, sal die

24. Kooistra, I. Zedelijke opvoeding, p.102

25. Post, op. cit., p.150-151

grondslag moet vorm vir die seksuele opvoeding van die kind, m.a.w. daar sal rekening gehou moet word met die behoeftes van die kind in elke fase van sy ontwikkeling.⁽²⁶⁾ Daarom sal die seksuele opvoeding reeds by geboorte 'n aanvang neem en nie eers wanneer die kind se verstandelike denke 'n niveau bereik waarop 'n gesprek tussen ouer en kind moontlik is nie.

Die eerste vorm van seksuele opvoeding kom dan ook neer op liggaamlike versorging, want swakheid, siekte en onvoldoende higiëne, vorm die kweekbodem vir allerlei afwykinge. Die dril en aankweek van goeie gewoontes in 'n klimaat van liefde en rustigheid, die aankweek van sindelikheid, die voorsiening van geleenthede en die materiaal vir die bevredigende en konstruktiewe besig wees van die kind, is die fondament waarop die latere, meer spesifieke seksuele opvoeding gebou word.⁽²⁷⁾ Die eerste seksuele opvoeding is dan ook hoofsaaklik onregstreeks en sluit ook die lewensvoorbeeld van die ouers, die atmosfeer van die huis en goeie Christelike lewensgewoontes in.

Namate die kind ouer word, is die opvoeding meer regstreeks en sluit dit ook voorligting in. Hierdie opvoeding is altyd individueel en geskied in 'n atmosfeer van eerbied en vertrouwe, van oopheid en rustigheid,

26. De Leeuw-Aalbers, op. cit., p.57

27. Berquin, op. cit., p.144

van blyheid sonder geheimsinnigheid.⁽²⁸⁾ Dit is belangrik dat die kind die vrymoedigheid sal hê om vrylik en op eenvoudige wyse met sy ouer hieroor te gesels. Op hierdie wyse behou die ouers die vertroue van die kind en sal die kind sy kennis op die regte wyse en in die regte gesindheid opdoen.

2.3.2 Die gesprek met die kind

Die onderwerp is geskik vir bespreking op enige tydstip in die kind se lewe, wanneer hy homself gereed toon deur sy belangstelling.⁽²⁹⁾ Hierdie belangstelling tree na vore in die vorm van vrae. Die eenvoudigste en natuurlikste wyse van reaksie van die ouer se kant is om die kind se eie vrae kortliks en akkuraat te beantwoord. Die onderwerp moet nie op die kind afgedwing word nie, maar daar moet gewag word totdat die kind self gereed is om vrae te vra en die inligting te assimileer. Wanneer die geleentheid hom egter voordoen, moet die ouer nie sy verantwoordelikheid probeer ontwyk of die bespreking uitstel nie.

28. Ibid, p.146

29. Aris, N. Parents and children, p.94.

Besprekings van hierdie aard moet op 'n natuurlike, normale wyse verloop: „Let there be no hush-hush, no false shame or modesty, as though you were speaking about an unclean or unholy subject.”⁽³⁰⁾ Eerlike, opregte en juiste antwoorde moet aan die kind verstrek word. As die eerste vrae nie korrek beantwoord word nie, verloor die kind vertroue in sy ouers. Aan die ander kant verseker korrekte inligting dat die kind beskerm word teen verdraaide inligting uit ander bronne. In verduidelikings moet die korrekte anatomiese name en funksies van die organe gebruik word.

Die eerste vrae van die kind oor seksuele aangeleenthede spruit voort uit die eenvoudige drang om te wil weet hoe dinge gebeur, hoe dit funksioneer.⁽³¹⁾ Verduidelikings moet feitlik wees, maar nie op besonderhede ingaan nie, m.a.w. die kind se vraag moet beantwoord word en die geleentheid moet nie aangegryp word vir 'n breedvoerige verduideliking nie. Te veel besonderhede word nie deur die kind verlang nie en kan net bydra om hom te verwar.

Versigtigheid moet aan die dag gelê word waar voorbeelde uit die plante- en dierewêreld ter illustrasie geneem word, want daar is 'n wesensverskil

30. Ellenwood, op. cit., p.62

31. Langeveld. De opvoeding van zuigeling en kleuter, p.147

tussen die mens aan die een kant en plante en diere aan die ander kant. By die mens bestaan daar geen vader of moeder sonder liefde nie en sonder liefde tussen vader en moeder is daar geen kinders nie. Liefde is die skeppende krag van God in die wêreld en die kind moet daarop gewys word dat God se aandeel die belangrikste is, daar hy elke siel uit liefde skep. (32)

Seksuele sake mag nie in 'n onsuiwre sfeer bespreek word nie. Ouers moet egter self onbevange oor die onderwerp kan praat en moet self ook ewewigtig wees op die terrein. Dit is belangrik dat die vraende kind nie die indruk moet kry dat hy iets besonders gevra het of 'n aparte en geheimsinnige terrein betree het nie. Die bedoeling is juis om die kind so op te voed dat hy die seksuele nie as iets obskuurs sal sien nie. Daar moet weliswaar rekening gehou word met die kind se ontwikkelende skaamtegevoel, maar die kind moet tog ook leer dat die seksuele iets waardevols is en dat dit goed is om hierdie intieme dinge met sy ouers te bespreek, maar dan ook dat dit gedoen word in die sfeer van gewyde liefde tussen die ouer en die kind. (33)

32. Kriekemans, op. cit., p.75-77

33. Langeveld, op. cit., p.156

Die gesprek tussen ouer en kind oor seksuele sake is nie 'n eenmalige gesprek nie, maar is 'n gesprek wat oor 'n tydperk van ruim vyftien jaar versprei is.

Die gesprek speel 'n belangrike rol, nie alleen om die feitelik gegewe voorligting nie, maar meer nog deur die plasing van die seksuele in 'n bepaalde verhouding t.o.v. die res van die opvoeding en deur die waardebeepaling, sowel absoluut as in verhouding tot die vele ander waardes, wat in die menslike lewe 'n rol speel.

Gedurende die puberteit veral, maar ook die adollessensie, kry die seksuele opvoeding 'n besondere betekenis. „Het is alsof met de geslachtsrijp worden . . . de gehele seksuele sfeer met nieuwe energie wordt geladen en uit de sluimering wordt gewekt.”⁽³⁴⁾ Die voorafgaande seksuele opvoeding moes die kind reeds vir die puberteit voorberei het. Die simpatieke houding van die ouer is onontbeerlik in hierdie stadia en die seksuele opvoeding neem nou ook 'n dieper, meer kontensieuse vorm aan. Ouers moet met hulle seuns en dogters in hierdie leeftyd in gesprek bly en help om die gevoelens van onsekerheid en onbeholpenheid, deur taktvolle voorligting te verklaar en deur simpatiek daarteenoor te staan. Sowel die seksuele as die aggressiewe impulse moet deur die kind in sosiaal-

34. De Leeuw-Aalbers, op. cit., p.46

aanvaarbare vorm leer hanteer word. Dit moet lei tot 'n stimulans vir die wilsontwikkeling en die intelligensie, maar ook vir die differensiasie van die gevoelslewe. Vrymoedigheid om oor sy probleme te mag praat is reeds 'n reusestap in die regte rigting om via sublimering en sosialisering 'n oplossing vir die probleem te vind. Gesonde buitemuurse ontspanning en deelname aan sport, 'n aktiewe gesonde ontlading van die lewensenergie, moet ook aangemoedig word. Die ontwikkeling van die kind se eie innerlike moontlikhede, die aanmoediging van 'n wye belangstelling in stokperdjies, konstruktiewe vryetydsbesteding, ens. is belangrike faktore om te help om 'n te groot en te vroeë belangstelling in seksuele sake te voorkom.⁽³⁵⁾ Die kind kan ook op hierdie stadium met geskikte lektuur voorsien word vir selfstudie.

Voorbehoedmiddels is 'n saak vir 'n oop en eerlike gesprek met die adolessent, al is die ouer ook beslis teen die gebruik daarvan gekant. Die ouer „ . . . heeft het recht en de plicht te zeggen wat zijn verstand en zijn hart hem gebieden . . . Maar wie zijn ogen sluit, zal op klaarlichte dag in het donker verdwalen!“⁽³⁶⁾

35. Benjamin, op. cit., p.91

36. De Leeuw-Aalbers, op. cit., p.81

Wat sosiale verhoudings betref, moet die kind se aandag nie onnodig en op 'n te vroeë leeftyd op seksverskille gevestig word nie, veral nie in die vorm van spot en terg nie, maar ook nie as doelbewuste aanporring deur die ouer nie. Kinders moet toegelaat word om so lank moontlik kinders te bly en toegelaat word om op natuurlike wyse met mekaar om te gaan. „The time will come when the opposite sex will call forth its natural response - it will be all the better for the child if he or she has not been stimulated prematurely.”⁽³⁷⁾ Gesonde, natuurlike omgang van kinders met kinders van hulle eie geslag en van die teenoorgestelde geslag, behoort normaalweg op alle ouderdomsvlakke plaas te vind.

Die seksuele opvoeding van die jeug moet nie beperk word tot waarskuwings teen gevare wat inherent aan seksualiteit is nie, maar moet in die eerste plek gerig wees op die rykdom wat in die seksuele lewe van die mens verborge lê en wat elke mens in sy lewe en in sy huwelik moet probeer verwerf.

3. Verstandelike opvoeding

3.1 Die doel van verstandelike opvoeding

Die verstandelike opvoeding of intellektuele vorming behoort steeds gesien te word as deel van die totale

37. Benjamin, op. cit., p.92

opvoeding. So moet ken die voorbereiding wees vir begryp, en is leer dink 'n noodsaaklike stap op die weg na volwassenheid. Intellektuele vorming kan dus nie los staan van opvoeding nie en so lank die kind nog onvolwasse is, sal die verstandelike vorming steeds ingebed moet wees in die opvoeding. Verstandelike opvoeding wat hom losmaak van die persoonlikheidsontploffing is intellektualisme en dus verkeerd. Verstandelike opvoeding na die eis van die Skrif en kulturele opvoeding onder die norme van die Woord van God beteken die vorming van die hele persoonlikheid.⁽³⁸⁾ Die verstandelike opvoeding staan dan ook dikwels in diens van die sedelike en die religieuse opvoeding.

Die verstand is 'n besondere gawe van God aan die mens en daarom is die mens ook geroepe om sy verstand aan te wend in diens van en tot eer van God. Om dit te kan doen moet die mens se verstand alle geleentheid tot volle ontwikkeling geniet, sodat hy kennis en begrip kan bekom van elke aspek van die hele geskape werklikheid en oor die totaliteit en sin daarvan. Verstandelike opvoeding is dan die vorming van die mens op so 'n wyse dat sy verstandelike aktiwiteit, al sy intellektuele vermoëns, sy dinkaktiwiteit, sy oordeelsvermoë, ens. ten volle ontwikkel word en op die juiste wyse aangewend word.⁽³⁹⁾

38. Waterink, op. cit., p.320

39. Ibid, p.314

Die doel van verstandelike opvoeding lê in die bevordering van goeie dinkgewoontes: produktiewe, reprodktiewe en kritiese denke.⁽⁴⁰⁾ Die denke moet ook so gevorm en ontwikkel word dat die kind 'n opmerksame waarnemer sal word, om wat hy waarneem innerlik te beleef, sodat hy voorstellinge kan vorm waaruit sy geheue ontwikkel kan word. Die doel is verder die vorming van logiese begrippe, die vorming van oordele, redeneervermoë, volharding en inspanning. Die verstandelike opvoeding moet ook by die kind tuisbring dat alle denke, alle verstandelike arbeid, gekenmerk moet word deur doelgerigtheid, samehang, volharding, verantwoordelikhedbesef, noukeurigheid en selfbeheer.

3.2 Die ouers se taak

3.2.1 Die belangrikheid van die voorskoolse tydperk

Die leerproses begin nie wanneer die kind die skool besoek nie, maar reeds met die baba se eerste reaksies op klank, lig, reuk en die mense in sy gesin. Die kind staan nie passief teenoor sy omgewing nie en is reeds vroeg in staat om aandag te gee aan wat met hom en om hom gebeur. Hy leer om te onderskei, te herken en te reageer op die talle omgewingsprikkele wat op hom inwerk. Vroeë leergeleenthede lê die grondslag vir die meer formele leerwerk in die latere

40. Oosterbaan, op. cit., p.112

skooljare.⁽⁴¹⁾ Dit is 'n geleidelike proses wat eerder trapsgewyse as met spronge verloop.

Die huis is die eerste voedingsbodem vir die verstandelike vorming van die kind. Huislike wysheid is vir die mens wat die stam vir die boom is. Alles wat die kind rondom hom in sy huislike milieu gewaar, bou sy kenniskapitaal op; deur die aanleer van sy moedertaal, deur omgang met die huisgenote, deur verkenning van sy steeds groeiende lewenskring, deur onhandige hulp in die huis of tuin vorder die geestesgroei. Dit geskied eers deur aanskoulike deurlewing, maar later deur meer verstandelike insig.⁽⁴²⁾

So begin die kind se verstandelike opvoeding tuis onder die sorg van sy ouers en teen die tyd dat hy gereed is om die skool te besoek kan hy reeds sy moedertaal praat, het hy reeds 'n goeie kennis van sy omgewing, kan hy reeds 'n elementêre begrip vorm van oorsaak en gevolg, leer hy al nuwe dinge makliker en kan hy dink en onthou.⁽⁴³⁾ Hierdie voorskoolse tydperk is van die grootste belang vir die kind se verstandelike vorming.

41. Hildreth, G. Child growth through education, p.51-53

42. Berquin, op. cit., p.106

43. Ruperti, op. cit., p.75

Die huis moet dus 'n sfeer skep wat leer vir die kind bevorder. Dit sal weliswaar aanvanklik deur allerlei indirekte middele geskied, maar die belangrikste is om die belangstellingsfeer van die kind op die juiste wyse in te rig, o.a. deur die voorbeeld van die ouers, deur die kind van kleinsaf te leer om noukeurig waar te neem en belang te stel in wat hulle om hulle sien en hoor, in die voorsiening van voldoende geskikte leesstof en in die belangstelling-opbouende aktiwiteite. Die agtergrond wat die gesin voorsien vir die latere vorming op skool en die grondslag wat in die gesin gelê word vir die verstandelike vorming van die kind, is van oneindige belang en betekenis vir die kind en sy welslae op skool.⁽⁴⁴⁾ Dit is ook van belang om te weet dat die brein van die kind teen 'n baie vinnige tempo groei gedurende die voorskoolse tydperk, sodat dit feitlik sy finale grootte teen ongeveer ses jaar bereik. Op geen ander stadium in die kind se lewe is die groei en ontwikkeling so snel as in die voorskoolse periode nie.⁽⁴⁵⁾ Dit is dus noodsaaklik dat die ouer gunstige omstandighede sal skep wat die groei en ontwikkeling van die kind sal bevorder.

44. Waterink. De schooljaren onzer kinderen, p.95

45. Gesell, A. The mental growth of the pre-school child, p.11

Die intellektuele periode begin reeds in die kleuterfase en tree veral na vore deur die oneindig baie vrae van die kind, wat 'n middel tot die vorming van assosiasies en begrippe is. Teken, tel, ens. is kenmerkende en noodsaaklike aktiwiteite vir die kleuter. Alle fakulteite wat hulself openbaar, moet ontwikkelingsgeleentheid kry op die stadium wat hulle verskyn. Die beste oefenskool vir die klein kind is die eie gesin waar hy spoedig 'n werkende aandeel kan kry in die huislike bedryf. Geduld, vertrouwe in die handigheid van die kind en 'n sekere mate van organisatoriese talent is nodig van die kant van die moeder ten einde aan die kind se behoeftes in die verband reg te laat geskied.⁽⁴⁶⁾

3.2.2 Die taalontwikkeling van die kind

Die taalontwikkeling van die kind gedurende die eerste paar lewensjare hang af van die kind se gesondheid en intelligensie, maar ook van sy omgewing en die mate van aanmoediging en stimulering wat hy ontvang.⁽⁴⁷⁾ Tussen drie en ses jaar is 'n gevoelige periode vir die taalontwikkeling van die kind. Hy luister nou graag na stories en dit is baie belangrik vir sy taalontwikkeling aangesien dit 'n belangrike bydrae tot die uitbreiding van sy woordeskat lewer.

46. Van Andel & Van Andel-Ripke, op. cit., p.153

47. Bowley, A.H. The natural development of the child, p.8

Vertellings en gesprekke is die belangrikste middele tot die uitbreiding van sy woordeskat. Omgang met volwassenes speel dan ook 'n belangrike rol in die taalontwikkeling en dus ook in die dinkontwikkeling van die kind.

Die gehalte van die ouers se taal is bepalend vir die gehalte van die kind se taal - daarom ook die noodsaaklikheid daarvan dat die ouers se taalgebruik suiwer en korrek sal wees. Goeie artikulasie en 'n redelike woordeskat is noodsaaklik en daarom moet die gebrekkige taal van die kind nie deur die ouers nagepraat word nie.⁽⁴⁸⁾ Ouers dien immers as die kind se model en deur nagepraat word sy taalontwikkeling gestrem of vertraag. In die verband moet daar ook gelet word op die feit dat die kind van vyf reeds in hooftrekke praat soos hy later sal praat - die aksent en intonasie is reeds vasgelê - daarom is die voorbeeld van die kinderjare so uiters belangrik. Die skool kan slegs daarop voortbou, d.w.s. op die grondslag wat tuis gelê is, dit kan nie 'n nuwe grondslag lê nie.⁽⁴⁹⁾

48. Waterink, op. cit., p.12

49. Foppema, Y. & Daalder, D.L. Hoe moet ik met mijn kind? p.336

Swak taalgebruik en 'n beperkte woordeskat is beide stremmende faktore in die kind se verstandelike ontwikkeling en navorsing toon ook aan dat „There is a close relationship between poor academic achievement and verbal impoverishment.”⁽⁵⁰⁾ Navorsing m.b.t. taalontwikkeling beklemtoon dan ook die belangrikheid van die ontwikkeling van spraak, waarneming, begripsvorming, veralgemening, d.w.s. dink. Die invloed van die ouers speel in die verband 'n baie groot rol. Dit is ook bevind dat die kind wat uit 'n gesin kom waarin 'n vlot uitdrukkingsvermoë, baie lees, belangstelling om dinge te weet en te leer, ens. sterk aangemoedig word, verstandelik 'n goeie fondament het om op voort te bou.⁽⁵¹⁾

Vanaf twee tot drie jaar begin die kind talle vrae te vra. Vrae word gevra en soms word reeds eenvoudige verbindingsgeleë wat tog kenmerkend van menslike ontwikkeling is. Die ouers het die plig om die kind se vrae met eindelose geduld te beantwoord en hulle moet in gedagte hou dat die kind deur herhaling van sy vrae selfvertroue kry en beter bekend raak met die name van mense en dinge, steeds beter taalbeheer verkry. As sy vrae nie beantwoord word nie of onbevredigend beantwoord word, vertraag dit sy ontwikkeling en dan moet onthou word dat sy verstandelike ontwikkeling totaal van taal afhanklik

50. Cave & O'Malley, op. cit., p.11

51. King, E.W. & Kerber, A. The sociology of early childhood education, p.40

is.⁽⁵²⁾ Deur die kind se talryke vrae op 'n bevredigende wyse te beantwoord, dra die ouers grootliks daartoe by om die kind se belangstelling te stimuleer, sy begripswêreld te verdiep en uit te brei en sy denke te help uitbou.

3.2.3 Vorming van die kind se denke

Een van die belangrikste take van die verstandelike opvoeding is die vorming van die kind se denke. Die opvoeding het sonder twyfel die roeping om die kind bekend te maak met die moontlikhede wat daar is om 'n bepaalde denkproses of 'n bepaalde verrigting van die intelligensie tot 'n bevredigende resultaat te voer.⁽⁵³⁾ Verstandelike opvoeding behels dan ook in 'n groot mate die aktivering van die kind se denke, want leer dink is 'n noodsaaklike stap op die weg na volwassenheid. Hiertoe dra o.a. die bevordering van waarneming, geheue, verbandsiening, abstrahering, belangstelling en aandag by. Die opvoeding moet die kind in staat stel tot praktiese redenering en die oplos van probleme binne sy ervaringsvlak en ook die verbalisering van sy gedagtes in logiese vorm.⁽⁵⁴⁾

52. Foppema & Daalder. Hoe moet ik met mijn kind? p.336

53. Waterink. Theorie der opvoeding, p.259

54. Bowley, op. cit., p.41

Kinders boots graag na en wanneer ouers self goeie metodes vir die oplossing van probleme aanwend, kry die kind 'n voorbeeld wat hy met vrug self kan uittoets. Nabootsing verminder egter namate die kind se eie inisiatief en oorspronklikheid toeneem en ontwikkel en logiese denke al meer na vore tree. Op elke stadium is dit egter belangrik dat ouers hul kind se probleme met die kind sal bespreek en raad en leiding sal gee oor hoe om dit op te los. Dit beteken egter nie dat die ouers die kind se probleme vir hom moet oplos nie, want daarby sal hy niks baat nie. Dit is belangrik dat die kind self oplossingswyses sal bedink en sal uittoets. Oefening in die oplossing van eenvoudige kinderprobleme, gepaard met geleidelike uitbreiding van die kind se verantwoordelikheid, is die oefenskool vir die oplossing van die komplekse probleme waarmee die kind as volwassene te kampe sal hê.⁽⁵⁵⁾ Die kind moet geleidelik daartoe gelei word om vir hom 'n eie denkstelsel op te bou uit verskillende gedagtereekse waaraan daar een hoofgedagte ten grondslag moet lê en wat van sy wêreld- en lewensbeskouing sal moet getuig.

Selfontdekte en selfverworwe kennis het die hoogste waarde. Al handelende leer die kind ook sy gees vorm of is hy besig met handelinge wat later sy

55. Laycock, op. cit., p.28

verstandelike ontwikkeling ten goede kom. Deur noukeurige eie waarneming, hantering en doen raak hy bekend met dinge en doen hy waardevolle ervaring en kennis op. So leer hy bv. die mensewêreld ken wanneer hy speletjies speel en mense soos 'n polisieman, onderwyser, winkelier, ens. naboots. Opdragte uitvoer, werkies doen, vrae beantwoord, ens. leer hom om te verstaan en dit lei tot waardevolle ervaring. Hoe ryker die kind se sinvolle ervaring, hoe beter sy taalgebruik en sy kennis van alledaagse dinge, hoe makliker sal sy aanpassing op skool wees.⁽⁵⁶⁾ Die regstreekse kontak met dinge van die wêreld, direkte waarneming, kontak met mense, ens. lei tot begrippe, tot nuwe en noodsaaklike kennis en tot oriëntering van die kind in sy omgewing.

In die voorskoolse jare leer die kind o.a. ook deur sy spel. Spel is dan ook 'n wyse van leer deur met sy omgewing te eksperimenteer. Organisasie en probleemoplossing in sy spel korreleer met die kind se verstandelike ontwikkeling. Die kind se spontane spel is dan ook 'n wyse van selfopvoeding, aangesien hy deur sy spel vaardighede leer, sy omgewing doelgerig aanwend en skeppend en verbeeldend te werk gaan.⁽⁵⁷⁾

56. Elias, op. cit., p.16

57. Hildreth, op. cit., p.57

In sy spel doen hy bv. sy eerste werklike kennis van getalle en van getalbegrip op en maak hy kennis met vorm, kleur en tekstuur; word sy hand-oog-koördinasie bevorder deur die hantering van teken- en verf materiaal, ens. Al handelende leer die kind ook sy gees vorm en hou hy hom besig met handelinge wat later sy verstandelike ontwikkeling ten goede kom.⁽⁵⁸⁾ Die ouer se belangrikste taak in die verband is om vir die kind die geleentheid vir voldoende, spontane spel te bied en om 'n verskeidenheid konstruktiewe spelmateriaal tot sy beskikking te stel. Daarmee gaan saam die voorsiening van voldoende speelruimte.

Die ouer moet daarna strewende om die kind na die maat van sy individuele aanleg op te voed. Hy moet die gees open vir elke toevoer langs die bronne van spontane vorming, nl. omgang, lektuur, reis, kuns, ens. Daarby moet hy die belangrikheid van goeie taalontwikkeling nie uit die oog verloor nie.⁽⁵⁹⁾ Die feit van individuele verskille, dus ook individuele verskille in aanleg en vermoëns, moet altyd voor oë gehou word.⁽⁶⁰⁾ Die ouer moet van die kind eis en verwag dat hy sy potensiaal ten volle sal benut, maar dan

58. Langeveld, op. cit., p.110

59. Berquin, op. cit., p.107

60. Jenkins, G.G.J. These are your children, p.18

mag daar ook nooit te hoë eise aan 'n kind gestel word nie.

Die kind moet ook geleer word dat alle kennis betreklik is, omdat die mens se verstand die volle waarheid nooit kan gryp nie. Kennis is ook relatief, omdat feite gedurig deur ander en nuwe feite vervang word. Daarby staan geloofskennis hoër as feitlike kennis, want die mens is bowe-al religieuse wese met 'n religieuse bestemming. Kennis van die geloofswaarhede staan dan ook hoër as kennis van die wêreldse dinge.

3.3 Die ouer kan nie die hele verstandelike opvoeding van die kind behartig nie

Weens die hoë eise wat die moderne samelewing aan die mens stel, is die ouer nie langer in staat om veral die hele verstandelike opvoeding van sy kind te behartig nie en is dit die taak van die skool om die ouer hierin te hulp te kom. Die ouer se taak is egter nie afgehandel sodra die kind skool toe gaan nie, want hy bly nog in die laaste instansie vir die kind se opvoeding verantwoordelik.

In die voorskoolse jare is die verstandelike opvoeding die ouers se taak en een van die belangrike aspekte van daardie taak is om die kind vir die skool voor te berei. Dit doen die ouer deur nie alleen vir

die verstandelike opvoeding van die kind te sorg nie, maar ook deur te sorg dat hy 'n mate van verantwoordelikheid en selfstandigheid bereik wat sy aanpassing by die skoolomstandighede sal vergemaklik.

Sodra die kind die skool begin besoek, verskuif die aksent. Die belangrikste taak van die ouer word nou om die kind se belangstelling in sy skoolwerk te bevorder. Dit word o.a. bereik deur self in die kind se werk en skoolbedrywighede belang te stel en met die skool in belang van die kind saam te werk. Daarbenewens moet die ouer uit die staanspoor trag om by die kind die regte gesindheid teenoor sy skoolwerk, huiswerk en leer in die algemeen, aan te kweek.⁽⁶¹⁾ Die ouers voorsien ook geskikte werksomstandighede tuis en dra ook sorg dat die kind oor die nodige fasiliteite en geriewe beskik, ten einde gunstige omstandighede vir goeie werk te skep. Voorsiening van geskikte lektuur, en die aanmoediging om wyd en baie te lees is uiters belangrik. Op hierdie wyse verseker die ouer dat sy kind se verstandelike vorming steeds die beste aandag sal geniet.

61. Rupert, op. cit., p.76

4. Die sosiale opvoeding van die kind

4.1 Die doel en betekenis van sosiale opvoeding

Sosiale opvoeding is nie alleen 'n deel van die totale opvoeding nie, maar die sosiale doelstelling het ook die nouste verband met al die ander doelstellings. Alle lewensvorme soos liefdesdiens, ekonomiese lewe, kultuur en taal, word altyd in sosiale verbande voltrek en so kan 'n gebalanseerde persoonlikheid ook slegs in sosiale verhoudinge gevorm word en die indiwidu hom eers in en deur die samelewing ontdek.

Die komplekse samelewing bring die behoefte aan juiste sosiale opvoeding na vore.⁽⁶²⁾ Die kind word aan alle kante omgewe deur sosiale verbintenisse: die gesin, die skoolgemeenskap, die breër samelewing en uiteindelik die volksgemeenskap. In sy verhouding met sy samelewing tree daar spesiale eise na vore in die vorm van godsdiens, sedes en gewoontes, tradisie, onderwys en burgerskap - omvattende eise en kontakte waardeur die kind gevorm word tot aanvaarde lid van die samelewing en tot nuttige burger van sy land. Die kind moet hom dus nie alleen by 'n fisiese omgewing aanpas nie, maar ook by 'n sosiale omgewing, en vir

62. Waterink, op. cit., p.521

sy menswees is laasgenoemde die belangrikste. Die sosialiseringproses van die kind is dus 'n kernvraagstuk van die opvoeding.

Die mens is nie 'n sosiale wese omdat hy 'n soort kuddedier is nie, maar hy is 'n sosiale wese omdat hy religieus is.⁽⁶³⁾ Hy is aangewys nie alleen op God nie, maar ook op sy medemens. God het die hele mensewêreld geskape as 'n organiese totaliteit. Sosiale opvoeding en vorming is nodig met die oog op die samelewing self. Sonder dat die kind geleer word om 'n sosiale wese te wees, is 'n gelukkige gesinslewe nie denkbaar nie en waar die gesin sterf, sterf die samelewing. Verder is dit ook so dat 'n bevredigende en geordende godsdienstige lewe nie moontlik is sonder dat die mens sosiaal ontplooi het nie.

Die doel van die sosiale opvoeding is die sosialisering van die kind, die inlywing van die kind by sy huislike en samelewingsmilieu en die sosiale verbande wat daarmee saamhang. Dit impliseer o.a. dat die kind opgevoed word tot 'n gebalanseerde persoonlikheid wat sosiaal aangepas is en as sodanig 'n sosiaal bruikbare lid van die samelewing sal wees, 'n nuttige landsburger. Dit hou verder in die aanvaarding van verantwoordelikheid vir sosiale verpligtinge, d.w.s.

63. Ibid.

verantwoordelikheid en mede-verantwoordelikheid vir die welsyn van sy medemens en vir die ordelike instandhouding van die Christelike samelewing. So gesien, moet die kind ook opgevoed word tot volwassenheid op sosiale gebied.

4.2 Die gesin in sy samelewingsverbondenheid

Die ouers beslis oor die woonbuurt waar die gesin sal woon, oor vakansies, met wie die kind mag speel, watter vermaak toelaatbaar is, ens. en is dus deels verantwoordelik vir die wyse waarop samelewings- en institusionele kragte op die kind inwerk.⁽⁶⁴⁾ Die gesin vertolk onvermydelik die wyer samelewing aan die kind, beoordeel instellings, bure, programme en plaaslike groepaktiwiteite. Sommige van die gedragspatrone wat die kind aanleer, is kenmerkend van die breër kultuur, terwyl ander uniek is aan die bepaalde gesin. Dit is slegs wanneer die kind verhoudinge opbou met ander mense en sodoende sy siening verbreed, dat hy perspektief verkry en leer watter gedragswyses algemeen aanvaarbaar is.

Die familiegroep, in 'n groter mate as die gesinsgroep, is 'n miniatuurwêreld vir die kind waarin hy allerlei menslike gedragsvorme teenkom, bv. samewerking, hulpverlening en liefde, maar ook negatiewe

64. Ritchie, O.W. & Koller, M.R. Sociology of
childhood, p.87

aspekte soos jaloesie, skynheiligheid, skinder, ens. Hierdie leerskool is belangrik vir die kind, want menseverhoudings in die familiegroep bring die kind in aanraking met daardie aspekte van menslike verhoudings wat ook in die breër samelewing aangetref word: „Here are the situations, the contrasts, from which conflicts, jealousies, . . . are first brought home to the child, in the vivid dress of persons he knows and loves.”⁽⁶⁵⁾ Die ouers moet hierdie feit in gedagte hou en daarteen waak dat negatiewe invloede die gevolg het dat hulle eie beeld in die oë van die kind geskaad word. Hulle moet sorgdra dat hulle in woord en daad self die positiewe Christelike lewenswaardes daagliks uitlewe.

Sosiale instellings soos die gesin, die kerk en die skool moet as die steunpilare van die samelewing beskou word. Hulle hou verband met die basiese behoeftes van die mens en menslike groeperinge en het as besondere taak die kanalisering en uitbouing van die waardes van die bestaande kultuur. Die kind se opvoeding moet daarop gemik wees om die voortbestaan en uitbouing van hierdie instellings te verseker, aangesien die samelewing sonder hulle nie kan voortbestaan nie.⁽⁶⁶⁾

65. Bossard, J.H.S. Parent and child, p.60

66. Ritchie & Koller, op. cit., p.61

Die kind kom vroeg in sy lewe reeds in aanraking met verskillende sosiale groepe buite die gesin. Hieronder val o.a. die spelgroep, ouderdomsgroep (peer group) en die klasgroep in die skool. Dit is dan ook belangrik dat die kind sal leer om in die groep te lewe en deel daarvan te vorm. In die verband is dit veral van belang dat hy sal leer om te dien, om hulp te verleen, om saam te werk en om met andere in harmonie te lewe. Die oorgang van die gesinswêreld na die wêreld van die skoolgroep, die bende, die ouderdomsgroep, behels dikwels rewolusionêre veranderings en ernstige probleme vir die kind, veral wanneer die groepporme met dié van die huis bots. „. . . he may find that participation in non-family social systems imposes strange, new and conflicting demands upon him.”⁽⁶⁷⁾ Daarom is dit die plig van die Christelike ouer om daarteen te waak dat die groepporme nie sondermeer vir die ouer sal voorskryf of die Christelike norme sal verdring nie. Die kind moet geestelik gestaal word teen verkeerde invloede wat uit die groeplewe mag voortspruit. Hy moet in die beskutte gesinskring geleer word om hom met sy maats te vereenselwig, sonder om sy eie oordeel oor goed en kwaad te laat vaar.

67. Ibid., p.43

Die gesin self vorm 'n groep en die gesinslewe is 'n projek in groeplewe, terwyl die sosiale opvoeding die aanpassing by die groeplewe beoog.⁽⁶⁸⁾ Die individu se eerste groepervarings is in die gesin en dit is hier waar die eerste reaksiewyses m.b.t. groepsituasies gevorm word. Latere suksesvolle aanpassings in ander groepverbande word deur die vroeëre groepervarings in die gesin moontlik gemaak.

4.3. Sosiale opvoeding in die gesin

4.3.1 Sosialisering van die kind

Die sosialisering van die kind is die belangrikste taak in die sosiale opvoeding van die kind. Sosialisering is die proses waardeur die kind progressief aangepas en ingelyf word by die verskeidenheid sosiale sisteme binne die samelewing waarin hy opgroei.⁽⁶⁹⁾ Sosialisering duur van geboorte tot by die bereiking van volwassenheid. Dit word beïnvloed deur faktore soos geslag, ouderdom, sosiale klas, persoonlike eienskappe en die spesiale eise van die samelewing waarin die kind opgroei. Dit behels o.a. inisiëring, voorskrifte, rigtinggewing, dissiplinering, die aanwending van vaardighede, tegnieke, metodes en materiale. Die liefde en verantwoordelikheid van die ouer vir sy kind vorm die grondslag van die sosialiseringsproses.

68. Bossard, op. cit., p.46

69. Ritchie & Koller, op. cit., p.24-25

Die gesin is die begin van die goeie samelewing, dit is 'n klein samelewing, 'n natuurlike gemeenskap gebaseer op liefde, vertroue en hulpvaardigheid.

„Het gezinsleven is a.h.w. afgeschermd tegen alles wat daarbuiten is, het is een veilige haven en een rustoord.”⁽⁷⁰⁾ In die gesin ontwaak die eerste gemeenskapsgevoel van die kind en in die gesin vind hy 'n oefenterrein om as individu 'n plek in die groep te verower. Die gesin is 'n volledige en selfs geslote eenheid, maar dit vorm terselfdertyd 'n brug na die omringende wêreld waarin die kind 'n definitiewe plek moet verower. Dit hang van die opvoeding in die gesin af hoe die houding van die kind later teenoor sy wêreld sal wees. Vanuit sy gesin kring die kind se sosiale kennis en sosiale ontwikkeling wyer uit na speelmaats en ander gesinne, na die groter samelewing waarin hy as volwassene sy plek sal moet volstaan.

Die gesinslewe bied die kind die geleentheid om die soort ervaring op te doen wat die vorming van sy persoonlikheid sal begunstig en wat hom in staat stel om aanvanklik in die kleiner sosiale verband van die gesin, maar later ook in die groter sosiale verbande, sy plek in verantwoordelikheid te kan inneem. Hierdie ervaring sluit o.a. in liggaamlike aktiwiteite, insluitende spel en werk, estetiese ervarings, godsdienstige

70. Post, op. cit., p.168

ervaringe, geleentheid om te organiseer en die uit-oefening van keuses, wat almal 'n belangrike rol in die sosiale opvoeding van die kind speel.⁽⁷¹⁾

Die gesinsroetine en -ritueel is van besondere belang in die kind se sosiale opvoeding. Dit dien as groepgewoontes, bestendig affektiewe reaksies, vorm die kern van gesinsetiket en reël die gebruik van vrye tyd. Daarbenewens gee dit 'n besondere betekenis aan die gesin se religieuse praktyk en lewer ook 'n belangrike bydrae tot gesinskontinuiteit.⁽⁷²⁾

Die gesin is die eerste en belangrikste instelling waarmee die kind voortdurend in kontak bly. Die ouers moet egter daarteen waak dat die gesinslewe nie in 'n eentonige en verbeeldinglose roetine verval nie. Dit is dan ook belangrik dat die gesinslewe verryk sal word deur gesinsaktiwiteite wat 'n wye reeks ervarings insluit soos reis, gaste ontvang, lees, samekomste, stimulerende gesprekke, ens. 'n Stimulerende gesins-atmosfeer is van groot waarde vir die sosiale vorming van die kind.⁽⁷³⁾

4.3.2 Kultuuroordrag

Kultuuroordrag is een van die belangrikste funksies van die gesin. Die gesin oefen die intiemste, intensiefste en langdurigste invloed op die kind uit en is

71. Willcockson, M. Social education of young children, p.9

72. Bossard, J.H.S. & Boll, E.S. The sociology of child development, p.306

73. Ritchie & Koller, op. cit., p.91

daarom die belangrikste oordraer van die kultuur aan die kind.⁽⁷⁴⁾ Hierdie funksie verkry ook besondere betekenis in die lig van die snel veranderende moderne samelewing, want hierdie is ook 'n behoudende funksie wat weerstand bied teen 'n te snelle en 'n te radikale verandering. Die ouers se taak is in die eerste plek om die sosiale erfenis aan die kind oor te dra. Dit is egter nie 'n bloot passiewe oordraging nie, maar moet op aktiewe wyse die kind se eiendom word. Die oordrag van die kultuurwaardes en gedragspatrone van die Christelike samelewing verseker basiese eenstemmigheid in die samelewing en sodoende word verseker dat die tradisionele leefwyse wesentlik behou word.

In die verband moet ook die staatkundige vorming van die kind die nodige aandag geniet. Daar moet by die kind 'n liefde en eerbied vir sy vaderland, die geskiedenis van sy volk en vir sy moedertaal aangekweek word, maar ook respek, eerbied en waardering vir die taal en lewenswyse van ander volke.⁽⁷⁵⁾ Die kind moet dus opgevoed word om 'n goeie Christelike, nasionaalbewuste landsburger te word. Hy moet dus geleidelik aanpas in die staatkundige verband waarin hy lewe, dit verstaan en eerbiedig.⁽⁷⁶⁾ Verder moet hy ook besef wat

74. Ibid., p.86

75. Ruperti, op. cit., p.77

76. Coetzee, Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, p.281

sy verantwoordelikheid as landsburger is en hy moet voorberei word om sy politieke en stemgeregtigde verpligtinge nougeset uit te oefen in die lig en gesindheid van die Christelike en nasionale lewens- en wêreldbeskouing.

Die kind moet ook opgevoed word tot die oortuiging dat die bevordering van die geluk van die mensdom, van wêreldvrede in 'n wêreldgemeenskap, noodsaaklik geword het. Daar moet ook in die verband positiewe gesindhede by die kind aangekweek word m.b.t. alle mense, ongeag hulle ras, kleur of taal, m.a.w. dat ten spyte van verskille, daar weë is om vreedsaam met mekaar saam te leef en te werk, veral as billikheid en regverdigheid gehandhaaf word. Die Christelike gesindheid en lewenshouding moet ook van deurslaggewende betekenis wees by intermenslike verhoudinge, hetsy op nasionale of internasionale vlak.

Status tuis, op skool en in die groep, is van groot belang vir die kind. Die kind wat tuis erkenning kry as persoonlikheid, sal makliker aanpas in die wyer groepverband. Dit gee aan hom 'n eie waarde, 'n gevoel van veiligheid. Dit is egter so dat die indiwidu by geboorte, as lid van 'n bepaalde gesin, ook onmiddellik 'n bepaalde status ontvang.⁽⁷⁷⁾ Ook wanneer hy later sosiale kontakte begin opbou, word hy

77. Cilliers, op. cit., p.51

grootliks geïdentifiseer in terme van sy afkoms. Die huis is dus 'n belangrike faktor in die statusbepaling van die kind en hierdie feit speel dikwels 'n belangrike rol in die sosiaal-aanpasbaarheid van die kind. Die gesin het egter baie posisies in die samelewing elk waarvan 'n belangrike rol kan speel, bv. die religieuse status en daardeur verbondenheid aan 'n bepaalde groep, die vader se beroep, ens.⁽⁷⁸⁾ Dit is belangrik dat die kind die regte soort huislike agtergrond sal hê, 'n agtergrond wat vir hom 'n bate en nie 'n las sal wees nie. Die Christelike huis verleen die regte agtergrond en daarmee word die kind ook onmiddellik as Christen geïdentifiseer.

'n Positiewe arbeidsgesindheid moet vroeg reeds by die kind aangekweek word. Die kind moet so vroeg moontlik betrek word by die verrigting van allerlei take en gereëldde pligte in die huis. Afgesien daarvan dat 'n positiewe arbeidsgesindheid, ook t.o.v. handearbeid, vir die latere lewe van die kind van onberekenbare waarde is, het dit die bykomstige voordeel dat dit uiters bevorderlik is vir die „ . . . intieme lewensgemeenskap en saamhorigheidsgevoel van die gesin.⁽⁷⁹⁾

78. Elkin, F. The child and society, p.47

79. Cronje. Die formulering van 'n gesinsbeleid
In Gesinskongres 1961, p.179/180

4.3.3 Die ontwikkelingstadia

Die ouers moet ook in die sosiale opvoeding rekening hou met die ontwikkelingstadium van die kind. Alhoewel die opvoeding op elke stadium belangrik is, moet die kind van die voorskoolse tydperk, veral die kleuter, en die kind in die puberteit- en adolessentestadium besondere aandag geniet. Die kleuterfase is baie belangrik vir die kind se sosiale aanpassing.⁽⁸⁰⁾ Die geleentheid vir omgang met ander kinders is in die opsig baie belangrik, want of hy later 'n sosiaal aanpasbare mens sal wees, hang baie af van sy sosiale vorming in sy kleuterjare. Die ouers se houding en die huislike atmosfeer, is op hierdie stadium belangrike faktore in sy persoonlikheidsontwikkeling. Die klem moet hier val op simpatieke versorging en voldoende geleentheid om saam met sy maats te wees.

Gedurende die vroeëre tienerjare is die kind uiters sensitief vir reaksies van andere en met die aanvang van die puberteitstadium is daar 'n intensifisering van hierdie bewustheid van homself en van 'n gebrek aan selfvertroue. Op hierdie stadium speel die skool, die groep en ander strukture ook 'n belangrike rol in die lewe van die kind. Die kind se belangrikste nood in hierdie stadium, is 'n behoefte aan begrip

80. Cronje. Ouer en kind, p.89

sonder oormatige simpatie of aandag, 'n behoefte om in 'n al groter mate selfstandig op te tree. In hierdie behoeftes moet die ouer voorsien deur o.a. ook voldoende vryheid en verantwoordelikheid, wat by die kind se vermoë pas, toe te staan en oormatige dissiplinering te vermy. (81)

4.3.4 Sosiale kundighede en die aanleer van sosiale gedrag

Die aanleer van sosiale kundighede is die eerste stap op weg na sosiaal-aanvaarbare gedrag en dit lei weer tot bevredigende sosiale aanpassing. Kinders is oor die algemeen gretig om nuwe vaardighede aan te leer en skop behae daarin om hierin sukses te behaal. Baie van hierdie vaardighede word aangeleer deur nabootsing van die ouers en ander gesinslede, maar veral ook deur aktiewe deelname, deur self te doen en te handel. (82)

'n Huis wat oop is vir vriende, waar die kind se vriende aanvaar en welkom laat voel word, waar daar geleentheid is vir 'n hoflike deelname aan gesprekke, waar hoflikheid en goeie maniere nie net aangeprys word nie, maar inderdaad uitgeleef word - so 'n huis is die beste leerskool in sosiale kundighede.

81. Bowley. The natural development of the child, p.144-146

82. Ritchie & Koller, op. cit., p.73-74

Die aanleer van sosiale gedrag hou veral verband met die verhouding tussen ouer en kind. Die emosionele verbondenheid van die kind aan sy ouers is onderliggend aan die motivering om te leer, bv. om sy moeder tevrede te stel, om goedkeuring vir sy optrede te verkry.⁽⁸³⁾ Die kind soek na die goedkeuring en liefde van sy ouers en word daardeur gemotiveer om hom te gedra soos deur hulle vereis en om sy gedrag na hulle voorbeeld aan te pas.

Namate die kind ontwikkel, moet hy egter in 'n toenemende mate verantwoordelikheid vir sy gedrag aanvaar. Dit kan bereik word deur die kind geleidelik meer pligte op te lê en deur hom in die geleentheid te stel om gaandeweg al meer verantwoordelikheid vir sy eie gedrag en optrede te aanvaar. Onafhanklikheid, vryheid en selfstandigheid moet opgebou word, nie gegee word nie.⁽⁸⁴⁾ Wette, sedes, reëls, gewoontes en sosiale beheer beperk die mens se gedrag as kind en as volwassene. Hierdie beperkinge moet nooit ten doel hê om die kind te onderdruk nie, maar is eerder 'n proses van leiding waardeur die kind se energie langs weë gevoer word wat sal lei tot saamwerk en saamleef met andere; dit moet die kind lei tot vrywillige aanvaarding van die beperkinge.⁽⁸⁵⁾ Die resultaat hiervan is ware vryheid en sosiale aanvaarbaarheid.

83. Jenkins, op. cit., p.63

84. Post, op. cit., p.170

85. Ritchie & Koller, op. cit., p.90

Ouers moet in die verband konsekwent 'n goeie voorbeeld stel. Respekbetoning tussen ouers onderling en die algemene voorbeeld van die ouers, help die kind om 'n sin vir verantwoordelikheid teenoor andere op te bou. Wanneer kinders hulle ouers liefhet en bewonder, ontstaan daar die neiging om die ouers na te boots. Kinders wat hulle goed gedra, is kinders van ouers wat self die korrekte voorbeeld in die huislike kring stel en ook in die openbaar, ouers wat hulle kinders behandel soos hulle graag self behandel wil word en wat verstandig en redelik is in hulle houding teenoor hulle kinders.⁽⁸⁶⁾

Vir elke lid van die samelewing bestaan daar bepaalde verwagtinge t.o.v. sy gedrag en elkeen het deur die posisie wat hy beklee, bepaalde rolle wat hy moet vervul, bv. vader, vriend, eggenoot, diaken, ens. Ook die kind moet vroeg reeds leer om bepaalde rolle te vervul soos bv. oudste kind, skoolkind, maat, broer, ens. Rolvervulling is dan ook 'n belangrike aspek van die kind se sosiale ontwikkeling en in die verband is dit belangrik dat die ouer die ideale model sal wees vir die kind. Die kind identifiseer hom met sy ouers en boots hulle na. Gaandeweg behoort die seun hom al meer met sy vader en die vaderlike rolle te identifiseer, en die dogter haar met die moeder en die

86. Benjamin, op. cit., p.116

moederlike rolle.⁽⁸⁷⁾

Sosiale vorming veronderstel in die eerste plek persoonlikheidsvorming, dit is dus deel van die vorming van die hele mens. Die persoonlikheid kan egter alleen gevorm wees as dit ook na sosiale aard gevorm is, want die mens wat nie weet wat dit is om homself aan andere te gee, in volle toewyding en selfoorgawe aan die gemeenskap te wy nie, weet nie wat dit is om 'n persoonlikheid te wees of om as individu in die lewe te staan nie.⁽⁸⁸⁾ Die gesin is die wieg van die persoonlikheid en in die gesin word die persoonlikheid gevorm, kry die individualiteit sy beslag. Die kind verkry sy eerste identifisering met andere in die gesin en hierdie onmiddellike omgewing is sy steun, sy agtergrond. Terselfdertyd moet hy homself egter ook handhaaf. Die kind moet per slot van sake sy eie persoonlikheid en sy eie individuele moontlikhede ontdek in sy wisselwerking in en met sy gesin en sy gemeenskap. Die ouer se taak is dan ook om hom alle nodige geleentheid en aanmoediging te gee ten einde die volle ont-plooiing van sy persoonlikheid te verseker.

Die kwessie van vryetydsbesteding verdien die ernstige aandag van die ouer. Die greep wat die massa-kommunikasie-middele in die moderne tyd op die

87. Elkin, op. cit., p.54

88. Waterink, op. cit., p.513-514

jeug uitoefen, verg ernstige besinning deur elke ouer. Vervlakkingsverskynsels is terselfdertyd gevaartekens en daarom verg die vryetydsbesteding die besondere aandag van die ouer.⁽⁸⁹⁾ Dit is belangrik vir ouers sowel as kinders dat hulle bevrediging sal put uit hulle vryetydsaktiwiteite en deur aktiewe deelname aan sport, musikale aktiwiteite, drama, handwerk en stokperdjies, liggaamlike en geestelike ontspanning sal geniet. Ouers kan 'n belangrike bydrae lewer deur o.a. die kind te help om sy tyd te organiseer, sodat die kind tyd het vir lesse, oefen, huiswerk, huispligte, ens. en daar nog vryetyd vir die kind beskikbaar is. Verder deur die organisering van lewensomstandighede en reëlins, sodat daar tyd en ruimte is vir spel, die beoefening van stokperdjies, die saamwees en saamdoen van gesinslede, ens. Verder behoort die ouer die kind aan te moedig om deel te neem aan die verenigingslewe op kerklike en kulturele gebied want: „All youngsters need to feel they belong to a group and it should be a wholesome group, not a delinquent gang.”⁽⁹⁰⁾

Die sosiale opvoeding van die kind wil die kind lei tot sosiale volwassenheid, maar dit is 'n lang proses en verg veel geduld, liefde en geloof van die kant van die ouer. Die een saak wat die ouer in

89. Beets, op. cit., p.39-40

90. Laycock, op. cit., p.22

hierdie proses nooit uit die oog mag verloor nie, is dat hy steeds op elke stadium die kind soveel verantwoordelikheid en vryheid sal toelaat as waartoe die kind op daardie gegewe moment in staat is. Sommige van die implikasies hiervan is dat die kind geleidelik groter finansiële onafhanklikheid verkry deur die verhoging van sy sakgeld; groter vryheid by die uitoefening van keuses; 'n groter aandeel in die bespreking van gesinsangeleenthede; die gevoel dat hy deur sy ouers vertrou word; die geleidelike vermindering en onttrekking van dissipline, ens.⁽⁹¹⁾ Die ouer wat sy kind op hierdie wyse en in hierdie gees opvoed, sal ondervind dat die kind by bereiking van volwassenheid geen aanpassingsprobleme ondervind nie, maar intendeel, gered is om sy vryheid in verantwoordelikheid te aanvaar.⁽⁹²⁾

5. Estetiese opvoeding

5.1 Die doel en betekenis van estetiese opvoeding

Estetiese opvoeding is 'n deel van die totale opvoeding van die kind. Estetiese vorming is egter nie maar 'n bysaak nie, want die kind het ook 'n estetiese behoefte wat bevredig moet word. Skoonheid is altyd veredelend, verheffend en verrykend en dit help mee

91. Gruenberg, op. cit., p.105

92. Ritchie & Koller, op. cit., p.265

om die mens se lewensperspektief te verbreed en om by hom 'n gebalanseerde lewensuitkyk aan te kweek. Geen mens is dus ten volle opgevoed as hy nie ook esteties gevorm is nie.⁽⁹³⁾

Die Bybel teken vir ons die skoonheid as 'n gawe van God. God is self ook die bron van die skone en Hy wil ook deur die skoonheid gedien word.⁽⁹⁴⁾ Daarom is waardering van die skone ook 'n deel van die kultuuroopdrag van die mens en moet die kind ook opgevoed word tot waardering, kennis en liefde vir die skone - hy moet dus esteties gevorm word.

Die estetiese opvoeding maak die kind ontvanklik vir die volheid van die lewe soos dit vir hom in die rykdom van die natuur, van kleur en klank geopenbaar word. Estetiese opvoeding vra nie in die eerste plek of die kind die aanleg het of nie het nie, want estetiese opvoeding is vir elke kind noodsaaklik. Estetiese opvoeding is nie noodsaaklik as blote teenvoeter vir die oormatige verstandelike en materialistiese lewe nie, maar juis om die verstandelike lewe des te beter te kan opneem in die totaal van die lewe.⁽⁹⁵⁾

Die ouers is dan ook geroepe om te sorg vir die behoorlike estetiese vorming van die kind. Die kind se estetiese oordeel en skoonheidsmaak moet gevorm

93. Coetzee, op. cit., p.284

94. Van Loggerenberg & Jooste, op. cit., p.64

95. Oosterbaan, op. cit., p.117

word, sodat hy 'n verfynde en sensitiewer waarne-
mingsvermoë vir die skone in sy omgewing en in die
algemeen sal ontwikkel. Vaders en moeders moet hul-
le kinders opvoed om sensitief te wees vir die skoon-
heid wat hulle omring. „Hoeveel moeders wijzen ont-
roerd op de schoonheid van een bloem, op de fijnheid
van een beeld. Hoeveel vaders maken attent op het
gefluit van een vogel, op de weelde van zomerlandschap.
Veel ouders echter zijn blind in het rijk der schoon-
heid, en laten wansmaak en jazzmusiek in de woonkamer
huizen.”⁽⁹⁶⁾ Ouers wat self esteties gevorm is, is
toegerus om deur hulle voorbeeld, voorligting en on-
derrig die kind se estetiese vorming te onderneem.

Estetiese opvoeding behels o.a. die ontwikkeling
van goeie smaak, 'n elementêre begrip van die beginsels
van kunsskeppinge en 'n algemene sensitiwiteit vir wat
mooi, skoon, rein en edel is. Estetiese opvoeding
veronderstel verder die moontlikheid van estetiese
belewing, van skoonheidsbelewing. Dit kan egter nie
onmiddellik bereik word nie, maar is 'n ideaal wat in
elke mens se lewe nagestreef moet word.⁽⁹⁷⁾ Daarby
moet die kind geleer word dat norme vir die skone, op
watter terrein ook al, steeds onderhewig is aan die
estetiese norme wat die groot Meester vir alle skoonheid
stel.

96. Berquin, op. cit., p.108

97. Coetzee, op. cit., p.285-286

Die doel van estetiese opvoeding is nie om kunstenaars te vorm nie, maar om die kind op te voed om die skoonheid te geniet, te ken en te waardeer; om hom te leer om die skoonheid lief te hê en in eegtheid te belewe.⁽⁹⁸⁾ Die opvoeding moet die kind ook so vorm dat hy 'n sensitiewe oog en oor vir dit wat mooi en skoon is, sal hê en dat hy die skone harmonie op alle lewensterreine sal help bevorder. Die opvoeding moet egter ook die drang tot selfekspresie en vormgewing stimuleer, sodat die kind sal groei in estetiese waardering, maar ook sodat dit die sluimerende talent en aanleg in hom tot ontwaking sal stimuleer.

5.2 Estetiese opvoeding in die gesin

Die milieu is 'n belangrike voorwaarde vir die estetiese ontwikkeling van die kind, veral die sfeer of klimaat waarin die kind opgroei. Die huislike sfeer is blywend, alom teenwoordig en hierdie sfeer is vir sy estetiese vorming van deurslaggewende betekenis. Dit word nie alleen opgeroep deur die wooninrigting nie, maar ook deur die gesproke woord, die arbeid, die vertelling, die humor, musiek, lektuur, besoekers, ens.⁽⁹⁹⁾ Die estetiese smaak, die estetiese skoonheidsgevoel, word weliswaar aangewakker deur die skepping van 'n

98. Madden, W. Religious values in education, p.164

99. Post, op. cit., p.282-283

smaakvolle omgewing, maar dit is nog veel belangriker dat die kind sal opgroei in 'n gesin met 'n estetiese klimaat, waar hy 'n eie mening kan hê, 'n sekere vryheid van beweging geniet en waar hy kreatief besig kan wees. Die ontwikkeling van goeie smaak, van estetiese gevoel, begin in die ouerhuis, en die omgewing, die sfeer en die voorbeeld van die ouers tuis sal van deurslaggewende betekenis wees in die verband. (100)

Die waarderingsaspek is die belangrikste deel van die estetiese opvoeding. Om skoonheid te kan waardeer moet die kind die skoonheid eers leer ken en herken, moet sy smaak en estetiese gevoel ontwikkel en gevorm word. „Deur gevormde smaak word die skone en verhewene in die werke van God en van mense tot voorwerpe van geestelike waarneming en genieting . . .” (101) In plaas daarvan om die klem te laat val op die intellektuele begrippe van die tegniek van die estetiese, word die innerlike gesindheid, die innerlike vorming van die estetiese gevoel, die smaak voorop gestel. So leer die kind om oplettend, bedagsaam en waarderend sy oordele oor die skone te vorm.

100. Waterink, op. cit., p.507

101. Coetzee, op. cit., p.97

Waardering vir beide musiek en kuns voorsien insigte in kulture en tydperke in die geskiedenis van die mens. Die kind kan ook daaruit leer dat die kultuurtaak 'n opdrag van God aan die mens is en dat hy God moet verheerlik deur die ontwikkeling van sy talente en in sy kunswerke. Die kind leer verder wat harmonie van kleure en klanke beteken en word opmerkzaam gemaak m.b.t. skoonheid van vorm en ewewigtige samehang van die geheel. Hy moet leer en ondervind dat kuns die effektiwige organisering van materiaal en energie is en dat alle groot en ware kuns verteenwoordigend van die mens se hoogste konflikte, aspirasies en ideale is. „Art that lacks a powerful idealistic motive tends to be merely pretty or brilliant instead of beautiful, or merely shoddy and ugly instead of tragic.”(102)

Die skeppende aspek van estetiese opvoeding is ook van besondere belang. Dit behels die uitdrukking van die hoogste ideale en subtielste emosies deur aktiwiteit en kreatiwiteit. Die skoonheidsin ontwikkel nie alleen deur die kind op die skone te wys nie, maar veral deur ekspressie, skeppende arbeid en die belewing. Die kind wat in 'n kreatiewe sfeer in 'n aktiewe gesin opgroei, sal in hierdie sfeer ook selfkritiek en eie oordeel leer vorm. Daardeur sal hy ook begrip en waardering ontwikkel vir die arbeid van andere in ambag en kuns en sal hy ook in selfvertroue

102. Madden, op. cit., p.157

die arbeid durf aanpak. Deur die hantering van verskillende media en materiaal ontdek die kind sy eie belangstelling en ondervind hy genot in sy skeppende aktiwiteite. Geleentheid vir vrye spontane ekspres-sie is dan ook noodsaaklik.⁽¹⁰³⁾

Die kind moet verder daarvan bewus gemaak word dat die estetiese nie net beperk is tot die gebied van sig-bare kunsuitingsvorm soos skilderkuns, musiek, ens. nie, maar dat dit op elke lewensterrein gesoek, bevorder en waardeer moet word. Die estetiese het nie alleen op al die lewensterreine van die mens 'n funksie nie, maar die skoonheid, die harmonie spreek in en deur hulle. Baie van die aktiwiteite en strewinge van die mens is waardig om as kunswerke beskou te word; die lewe self is 'n kuns en die mooi lewe en beskouing van 'n mens het 'n besondere estetiese kwaliteit.⁽¹⁰⁴⁾

Vriendelikheid, mensliewendheid, liefde vir die waarheid, ens. is menslike aktiwiteite en kwaliteite wat esteties bevredigend is en waarvoor die waardering net so hoog behoort te wees as vir die grootste kunswerk. Die ouer wat van sy huis 'n geluksoord maak, waarin liefde, vreugde, vrede en wellewendheid nagestreef word, skep vir sy kind 'n tuiste wat esteties bevredigend is.⁽¹⁰⁵⁾

103. Keyter, op. cit., p.296

104. Madden, op. cit., p.156

105. Oosterbaan, op. cit., p.117

Die lewe en die wêreld waarin ons lewe, is vol mooi dinge en idees. Die ouer moet sy kind van kleins af leer en help om opmerkzaam te wees vir die mooi dinge wat om hom bestaan en gebeur. Sodoende word die estetiese skoonheidsgevoel van die kind aangewakker.

Tot die estetiese vorming hoort ook die gevoel vir die skoonheid en reinheid van die liggaam.⁽¹⁰⁶⁾ Gedrag en kleredrag dra by tot die vorming van die goeie smaak en dit is noodsaaklik dat die ouer die kind doelbewus sal lei, aan hom die nodige voorligting in die verband sal verskaf.

Ook wat die kind se vermaak en ontspanning betref, behoort die radioprogramme waarna die kind luister, die bioskoopprente waarna hy kyk, die lektuur wat hy lees, sy kulturele bedrywighede, ens. deur die ouer gekeur te word in die lig van die Christelike estetiese eise. Al hierdie dinge kan die kind se skoonheidsgevoel opbou of afbreek. Dit is verder ook noodsaaklik dat die kind attent gemaak sal word op wat lelik, oordadig, uitspattig, onvanpas, onnatuurlik en disharmonieus is, ten einde sy kritiese oordeel en waardebeskouing te ontwikkel en hom te lei om uit die staanspoor 'n positiewe, estetiese gevoel op te bou.⁽¹⁰⁷⁾

106. Langeveld. Beknopte Theoretische Paedagogiek, p.106

107. Ruperti, op. cit., p.78